

MAAK KANOLA DALK BYE SIEK?

Kanola raak nie net weens sy produksiepotensiaal ál belangriker in die Wes-Kaap nie. Dié gewas is ook betekenisvol vir die voortbestaan van heuningbye in die provinsie. Navorsing is egter nodig om te verseker bye kry genoeg voedingstowwe as hulle net aan kanola blootgestel word. Kanola is 'n puik voergewas vir heuningbye en die produksietyd daarvan is ook ideaal, want dit is kort voor die Wes-Kaapse vrugtebedryf bestuiwers nodig het.

“Danksy die tyd wanneer dit geplant word, is kanola van groot belang in die Wes-Kaap, want dis die voergewas waarop byeboere staatmaak as hulle kolonies vang en opbou voor die vrugtebedryf die bestuiwers nodig

het,” het mnr. Mike Allsopp, byenavorser van die Landbounavorsingsraad op Stellenbosch, by Bayer se kanola-inligtingsdag op Swellendam gesê.

Byekolonies is noodsaaklik vir die komersiële landbou, veral in die Wes-Kaapse vrugtebedryf, waar die byefaktor elke jaar sowat R13 miljard se waarde deur bestuiwing toevoeg. Vir die hele Suid-Afrika beloop dit sowat R20 miljard.

Volgens Allsopp is daar plaaslik én oorsee 'n tekort aan voergewasse vir heuningbye. Dit is ook 'n belangrike rede waarom heuningbye sukkel en nie gesond kan bly of weerstand bied teen besoedeling en insekdoders nie. Kanola is 'n voergewas van hoë waarde, want dit lewer nektar met 'n suikereinhoud van 35% tot 40% en 24% ruproteïene.

Daar is wêreldwyd nie veel navorsing oor

hoe afhanklik die verskillende kanolakultivars van bye is nie en ook nie hoe belangrik kanola as voergewas vir bye is nie. Allsopp sê byeboere se anekdotiese inligting dat bye die laaste dekade belangstelling in kanola verloor het, maak hulle bekommerd.

“Die byeboere sê die bye sukkel op kanola. Ek dink daar is 'n groot verskil tussen die kultivars. Party is wel goed vir bye, en ander minder goed. Daar is ongelukkig nie basiese data oor die verskillende kultivars nie.”

Hy sê dit kan wees dat die bye 'n tekort aan spoorelemente ontwikkel as hulle aan 'n groot monokultuur-gewas blootgestel word. Een oplossing kan wees om heinings van ander gewasse te plant sodat die bye 'n verskeidenheid voergewasse het. In Amerika is groot subsidies beskikbaar vir boere wat voergewasse aanplant. – LUCILLE BOTHA